# 1 September - PAULUS

**Skrifgedeelte: Handelinge 9:1-22**
**Fokusgedeelte: Handelinge 9:5 en 6**

Hier staan ons by 'n waterskeiding in die lewe van Saulus (= hy wat afgebid is), beter bekend op sy bynaam Paulus (= die kleine). In die fokusgedeelte lees ons dat hy by hierdie ontmoeting afstand doen van sy eie wil en diensbaar word aan die wil van God. Die vraag is: "Wat het hierdie ommeswaai in sy lewe laat gebeur?" Hy het die Seun van God as Jesus en Here leer ken.

Jesus beteken *verlosser*. Waarvan verlos Hy? Van sonde. Dit vind plaas wanneer die Heilige Gees die wedergeboorte bewerk en deur die gawe van die ware geloof die wedergeborene laat deel in die verdienste van Christus. Só staan Saulus regverdig voor God. Daar val iets soos skille van sy oë en hy wat blind was deur die sonde, kan weer sien. Hy sien die Seun van God as Jesus en neem Hom as Verlosser aan. Daar kom egter iets by. Met sy wedergeboorte vind daar 'n eienaarsverwisseling plaas. Here beteken *baas*, *eienaar* of *besitter*. Saulus behoort nie meer aan homself nie, maar is eiendom van die Here. Daar is vir hom betaal met die kosbare bloed van die Here. In sy eiendom bewerk Hy deur die Heilige Gees 'n nuwe gehoorsaamheid; 'n onderwerping aan sy koningsheerskappy; 'n nuwe diensbaarheid. Saulus vra: "Here, wat wil U hê moet ek doen?"

Só het die Here 'n ingrypende verandering in die lewe van Saulus bewerkstellig. Hy omvorm die vervolger Saulus tot die apostel Paulus. Hy word 'n uitverkore werktuig – ten volle in diens van Jesus Christus om oral en in allerlei omstandighede sy Naam bekend te maak.

Om verlos te word en diensbaar te wees – om uitverkore werktuie van God te wees – moet ons ook die Seun van God as Jesus en Here besit. Tog is juis dit 'n ernstige geloofsiekte van ons tyd. Baie gelowiges wil die Seun van God as Jesus hê, maar nie as Here nie! Hulle omhels die Seun van God as Verlosser, maar onderwerp hulle nie aan Hom as Here nie. Dit is verstaanbaar, want dit is maklik om te roem op die verlossing uit genade sonder om jou lewe te verander; om te bely dat Jesus vir jou sondes betaal het, maar voort te leef soos jy wil. Dit is egter nie moontlik voor God nie. As jy die Seun van God nie as Here dien nie, kan jy Hom nie as Jesus besit nie. By Paulus is dit waarneembaar dat deur die genade die geloof deur die liefde tot dade oorgaan. Is dit ook só by u?

*Sing: Psalm 2:6 (1936-beryming)* *Ds JJ de Kock (Vaalharts)*